


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 3, No. 1

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Waarvoor staan U?

In hierdie snelbewegende, goddelose samelewing moet elkeen van ons liever die tyd neem om te besluit waarin ons *werklik* glo – waarvoor ons gewillig is om te “baklei” en, sou dit nodig wees, voor te *sterwe*.

Vandag se materialistiese, wêreldse kultuur is bykans oorweldigend in sy invloed op die meeste van diegene wat hulself Christene noem.

Die meeste van ons geloofsverwarring of -onsekerheid berus op die feit dat ons oor die algemeen nie die moeite doen om presies dít waarin ons glo, te bepaal nie. Die meeste mense gee maar toe – gaan voort met vriende en familie en bekommer hul nie veel oor waarin hulle werklik glo of waarvoor hulle staan nie. Sekerlik, hulle is, soos ons sê – “gawe” mense, maar hulle **staan vir** niks nie.

Daar was ongetwyfeld ook miljoene “gawe” mense in Duitsland toe Adolf Hitler sy opkoms tot mag in die vroeë 1930's begin het. Baie van hulle het natuurlik nie van die dierlike taktieke gehou wat Hitler en sy stormtroepe gebruik het nie, maar hulle het **niks daaraan gedoen** nie. Die *gevolg* van hul gebrek aan oortuiging was dadeloosheid – 'n onwilligheid om die stryd te voer teen boosheid en om te probeer om Hitler daarvan te weerhou om absolute mag oor te neem. Ons ken almal die hartseer gevolg: die Tweede Wêreldoorlog – die grootste en mees vernietigende oorlog in die

geskiedenis.

Die menseslagting het plaasgevind as gevolg van mense wat tekort geskiet het aan oortuiging om vir mense wat etnies van hulle verskil het, basiese ordentlikheid en respek aan die dag te lê. Toe hulle eers in beheer was, het die Nazi's openlik hul gesproke dreigemente uitgevoer en bykans ses miljoen Jode en andere, insluitende Pole, Franse, Dene, Nederlanders, Belge, Slawiërs en Noorweërs tot die slagting gelei. In die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog, toe hulle hoor van die grootskaalse moord van onskuldiges, het die meeste Duitsers dit afgekeur, maar toe was dit te laat. Weereens, **waarom** het daardie tragedie plaasgevind? Omdat mense in Duitsland, en trouens mense oor die hele wêreld, nie duidelik uitgestip het waarvoor hulle staan – en waarvoor hulle **nie** staan nie!

Een studie van Amerikaanse Protestantisme dui aan dat “dieper strome van verwêreldliking voortduur in die Protestante kringe en dat Protestante 'verward en uitgesluit' voel oor die rigting van die groter samelewing. Die meeste neig om meer soos 'goeie Amerikaners' te dink en op te tree as soos 'goeie Protestante' ... Daar is nie meer die brandende begeerte om leerstellings, die essensiële, die karakter van God, die werk van Christus te leer ken nie,' sê Gordon Conwell Kweekskool in Hamilton, Mass. 'Wat 'n mens

meestal in gedagtes sien is vrese oor geld, stres, werksdruk, Dit blyk asof die vure doodgaan. Die lewe raak al moeiliker” (*The Christian Science Monitor*, 19 Des. 1995).

Ja, die lewe raak al moeiliker vir die meeste mense in hierdie selfsugtige samelewing – 'n samelewing wat God “die teenswoordige bese wêreld” noem (Galasiërs 1:4). Dit moet egter ons, as ware Christene, al hoe meer op ons knieë dwing, dit behoort ons aan te moedig om ons Bybels werklik te *bestudeer* sodat ons God werklik kan “ken” – en absoluut **seker** kan wees waarin ons glo asook waarom ons lewens staan. Ons moet *met absolute sekerheid* weet!

Selfs al blyk so baie mense om ons gewillig te wees om afgewaterde leerstellings, gebruike en benaderings wat glad nie Bybels is nie, te aanvaar, moet ons in die Lewende Kerk van God ons ywer vir die *volle Waarheid* behou. Ons moet ons afgesonderde medelidmate – ons wêreldse kennis en familie laat weet – dat ons *vir iets staan*, dat ons *nie* sal toegee met betrekking tot die basiese waarheid en gebruike wat in God se Woord openbaar word nie asook dat ons volgens hierdie kode sal *leef* en as dit moet, daarvoor sal *sterf*.

God vertel ons dat Sy ware Kerk die “pilaar en grondslag van die waarheid” is (1 Timotheus 3:15). Ons moet besluit om vas te klou aan

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Waarvoor staan U?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Wie is in Beheer van die Weer?

Verlede somer het verwoestende veldbrande oor groot dele van die Amerikaanse Weste voorgekom, terwyl die Verenigde State tans een van die ergste droogtes in dekades ondervind.

Wat bedoel u met wedergeboorte.....9

Waarom is dit belangrik om dit te weet?

Profesie Word Vervul – 'n Skoonheid en die Ondier.....15

Moet Ons God Gehoorsaam om Gered te Word?.....17

Wat het u die meeste lief?.....21

Die Gebeure op 11 September 2001.....25

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streeksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Wie is in Beheer van die Weer?

Deur Roderick C. Meredith

Verlede somer het verwoestende veldbrande oor groot dele van die Amerikaanse Weste voorgekom, terwyl die Verenigde State tans een van die ergste droogtes in dekades ondervind. Die *Time* tydskrif berig as volg daaroor: "Tans gebuk onder 'n droogte, rampspoediger as die droogte [van 1933] toe die Groot Depressie op sy ergste was, verkoop die boere in die Weste nou hulle kuddes uit, terwyl hulle plase na die Rotsgebergtes 'wegwaai'. Met die koms van die oesseisoen sal kruideniersware se pryse styg en die land se saaiboere verligting soek, weereens, by 'n Kongres met sy eie begrotingsprobleme" (16 September 2002).

Ja, voedselpryse in die Verenigde State en Kanada asook Suid-Afrika is bestem om te styg as gevolg van die ernstige droogte. Die *Wall Street Journal* van 10 September 2002 spreek ook sy kommer uit: "Die termynmark is gekoppel aan die prys per boesel [tussen 25 en 33 kg] van 30 sent wat die daaglikse verhandelingslimiet op al drie die VSA koringmarkte is. Die nuwe vaste hoë kontrakpryse vir die oestydperk van koring wat aan die meulens voorsien word sowel as paniek oor versleggende wêreldwye koringvoorrade [is kommerwekkend] ...

Daar is hierdie seisoen ernstige produksie tekorte in die wêreld se vier grootste koring uitvoerlande, naamlik die VSA, Kanada, Australië en Argentinië. Die totale oes van beide die VSA en Kanada is die kleinste sedert die vroeë 1970's, terwyl die skattings verder afwarts aangepas kan word weens die besonderse nat toestande wat die oes van koring bedreig".

Hoofsaaklik as gevolg van die uiters droë toestande, het enorme weghol veldbrande letterlik miljoene hektaar woude en plaasgrond regdeur die Weste verwoes. So ernstig was die droogte in die Midde-Atlantiese state, dat die kerke spesiale biddienste vir reën gereël het.

Is al hierdie buitengewone weerstoestande slegs 'n produk van Moeder Natuur? Die meeste klimaatsvoorspellers sal heel kalm verduidelik dat daar maar altyd veranderende weerspatrone regdeur die wêreld ondervind word. Hulle sal sê dat hierdie toestande inderdaad ook van verbygaande aard is.

Maar is dit?

Kan hierdie huidige weerstoestande as rampe beskou word – dit is nou die veldbrande van enorme omvang, die huidige verwarming van die aardbol en die ergste opgetekende droogtes in talle lande in die

geskiedenis – is hierdie toestande van verbygaande aard en sal dit binne 'n paar jaar vergeete wees? Sal skrikwekkende tornado's, orkane, massiewe aardbewings en ander soortgelyke buitengewone verskynsels slegs die normale patroon van die verlede volg?

Hier is 'n uitdaging aan al ons lesers: Indien sulke "normale" weerspatrone en ander rampverwante voorvalle soos weghol veldbrande en aardbewings nog voorkom volgens hulle "normale" tendens in die volgende 10 jaar, dan moet u eenvoudig net u *Wêreld van Môre*-tydskrifte weggooi, u subskripsie kanselleer en aanvaar dat die Wederkoms nie binnekort sal plaasvind nie! Maar, as hierdie ongewone weersomstandighede en verwante toestande aanhou om te versleg, dan moet u gerus begin luister! U beter begin erken dat daar 'n **ware** God is – en dat dit uiteindelik **God** die Skepper is wat die weer beheer!

Hoe so?

Omdat, as u eers vir uself bewys het (en u kan en *moet!*) dat die Bybel werklik direk deur God *geïnspireer* is, dan moet u regtig hierdie "Handboek vir Oorlewing" bestudeer en uself vergewis van die feit dat die ware God nog altyd die weer as

'n middel gebruik om opstandige nasies en soms individue te kasty. U moet dan bereid wees om uself die vraag af te vra: "Wat doen ek **verkeerd**? Is daar miskien 'n les wat ons moet leer uit die uiterste en wydverspreide weersomstandighede wat God voorspel vir die tydperk net voor Sy Wederkoms?"

Wat het Jesus Christus voorspel?

Toe aan Jesus gevra is, "Wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matt. 24:3), het Hy Sy dissipels gewaarsku dat "baie" valse profete (of leraars) te voorskyn sal kom en "baie" mense sal mislei. Jesus voorspel ook toe oorloë en wêreldoorloë: "Daar sal *hongersnode* wees en *pessiektes* en *aardbewings* op verskillende plekke" (vers 7). Die Bybel en geskiedenis toon dat daar, selfs tot die tyd van Jesus se bestaan as mens, ontelbare hongersnode en aardbewings was. Vanselfsprekend dan, praat Jesus hier van *baie erger weersomstandighede* as wat daar in die verlede was.

Sodanige toestande begin **nou** vorm aanneem! 'n Koerant berig op 11 September 2002: "Die VSA Senaat het gister oorweldigend gestem vir die besluit om \$6 miljard beskikbaar te stel aan boere wat deur die droogte getref is. Die Senaat het President Bush se teenkating geïgnoreer en beklemtoon dat die wetsopstellers onder druk is as gevolg van die naderende verkiesing ten opsigte van

beheer deur die Kongres. Met 'n stemming van 79-16 het beide partye hierdie maatreël goedgekeur vir verligting aan boere met gesaaides en weiveld in die Weste, die Midde-Weste en Suidooste. Een-en-dertig Republikeine en een onafhanklike het die 47 Demokrate ondersteun met die voorstel. Die senators het nie kans gesien om hierdie nuwe druk van hulp aan boere tydens die hoogtepunt van die verkiesingseisoen teen te staan nie. Die Senaat se meerderheidsleier en hoofondersteuner wat die voorstel betref, Tom Daschle, sê die pleidooi van die boerderystate is: "Help ons met die droogte, gee vir ons hulp. Doen wat reg is".

Wat betref die ongekende weerstoestande, het die meeste van u seker gelees van die "ergste vloede hierdie eeu" – soos dit genoem was – wat verskeie lande in Europa die afgelope somer getref het. Die Bybel voorspel dat ons mense gebuk sal gaan onder beide hongersnood en vloede. Nogtans het die oorgrote meerderheid van belydende Christene nie die vaagste benul hiervan nie! Ook nie hulle leraars nie! Want die meeste van hulle lees selde die profesieë in die Bybel en verstaan dit in elk geval nie. Hulle is dus onkundig oor die profesieë wat 'n kwart van die Bybel beslaan. Hulle is onkundig oor ons nasionale identiteit. Hulle is onkundig oor die ontsagwekkende ingryping van God wat sal plaasvind aan die einde van hierdie tydvak soos

wat dit in die Bybel voorspel is.

In Lukas se weergawe van die profetiese rede, sê Jesus: "En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en *hongersnode* en *pessiektes*; en daar sal *verskriklike dinge* en *groot tekens* van die hemel kom" (Luk. 21:11). En, in vers 25: "En daar sal *tekens* wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer see en branders *dreun*". Dus, in Lukas se weergawe sê Jesus dat "**groot**" aardbewings hierdie aarde sal skud! Ons sal ongetwyfeld ontsaglike storms ervaar deur die see en branders wat "dreun" wat die kragtigste skepe, wat deur mense gebou is, sal verswelg – ook *reusagtige vloedgolwe* wat vir kilometers die binneland mag binnedring en stede totaal verwoes. *Praat van Goddelike ingryping!*

Ons vergeet heel dikwels die direkte boodskap van Jesus Christus in Openbaring: "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou **moet** gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het" (Op. 1:1). In Openbaring 11:6 beskryf God hoe Hy twee persone, bekend as die "twee getuies", sal gebruik om *beheer* oor die **weer** uit te oefen: "Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie *geen reën* val nie; en hulle het mag oor die *waters*, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels

as hulle wil". Die Almagtige God het nog *altyd* Sy beheer oor die weer gebruik as 'n metode om opstandige mense te kasty en ook om die uitslag van veldslae en selfs die lot van nasies te bepaal.

God se ingryping in die weer

Ons word in die Nuwe Testament deur Jakobus herinner hoe Elía, 'n profeet in Ou Testamentiese tye, vir God gevra het om in te gryp deur middel van die weer: "Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde *drie jaar en ses maande lank nie gereën nie*; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit" (Jak. 5:17-18).

Een van die mees belangrike gebede wat in die Bybel opgeteken is, is die gebed van koning Salomo toe die tempel in Jerusalem ingewy is. Hier volg 'n gedeelte van hierdie geïnspireerde gebed: "As die hemel toegesluit bly, dat daar *geen reën* is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely en van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig, wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe – want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel – en *gee reën* op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het. As daar *hongersnood* is in die land, as daar pes is, as

daar *brandkoring, heuningdou, sprinkane, kaalvreters* is, as sy vyand hom in die land, in sy poorte dit benoud maak, watter plaag, watter siekte ook al, enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Israel sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei – wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken – want U alleen ken die hart van al die mensekinders – sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het" (1 Kon. 8:35-40).

Salomo was baie na aan God in hierdie tyd. Die Almagtige Vader het direk met Salomo gespreek en hom wysheid en 'n verstandige hart gegee soos aan niemand voor of na hom nie (1 Kon. 3:10-12). Dus, wanneer Salomo dan in die gebed hierbo sê dat "die hemel toegesluit bly, dat daar *geen reën* is nie, omdat hulle teen U **gesondig** het", dan kan ons *gerus luister!*

Ons moet almal besef dat die ware God *absolute beheer* oor die *weer* het! In 'n tweeledige profesie – 'n profesie wat op antieke Israel van toepassing was asook op ons mense van vandag – sê God: "As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, *sal Ek julle reëns* gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes

sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon" (Lev. 26:3-5). Ook rig God 'n verdere waarskuwing in verse 14-15 en 18-20: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek ... En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie".

Tot onlangs het God die Amerikaanse en Engelsprekende volkere meer ryklik geseën as al die nasies op die aarde. Op een tydstip het ons driekwart van al die ontwikkelde hulpbronne in die wêreld beheer. Ons het al die belangrikste oorloë gewen en het 'n hoër lewensstandaard as alle ander mense. Nou begin God egter ingryp om ons te verootmoedig – om ons *tot ons sinne te bring* voordat dit te laat is! Hy begin ook om die **weer** te gebruik as deel van die proses van verootmoediging.

Ons dae van nasionale grootsheid is getel tensy ons ware **berou** toon en ons wend tot die ware God en Sy gebooie begin onderhou (Matt. 19:17)! Ons sal enorme **aardbewings**

belewe en vulkaniese uitbarstings soos nog nooit tevore ervaar in mense heugenis nie. Ons sal aanhoudende **droogtes** hê, **hongersnood** en angswekkende **siekte-epidemies** op 'n ongekende skaal. In ons gesaghebbende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* word 'n belangrike sleutel onthul wat presies verduidelik **hoe** en **waarom** hierdie tragedies sal toeslaan. U sal hierdie ten volle gedokumenteerde boekie uiters leersaam vind en die ongeveer 90 persent profesieë wat op die **eindtyd** van toepassing is, verstaan. Ons sal hierdie boekie op versoek absoluut gratis aan u stuur. Bel of skryf aan ons vir 'n kopie.

God spreek ons mense aan

As ons eers eenmaal verstaan dat die Amerikaanse en Britse volke die werklike afstammeling is van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme van Israel” dan sal ons sien dat God direk met **ons** mense spreek in talle van die Ou Testamentiese profesieë. So deel God dan ook mee in 'n profesie aan ons vir *vandag*: “Hulle het nie in hulle hart gesê nie: Laat ons tog die HERE onse God vrees, wat reën gee, vroeë reëns en laat reëns op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou. Julle ongeregthede het hierdie dinge afgeweier, en *julle sondes het die goeie van julle teruggehou*” (Jer. 5:24-25).

Tog moet ons almal besef dat God nie 'n paaiboelie is nie. Hy is 'n God van liefde en genade wat begeer om almal van ons te onderrig – individueel en gesamentlik – **lesse** wat ons nodig het ter voorbereiding vir die ewige lewe in Sy Koninkryk. Voortspruitend uit Sy belofte aan Abraham het God ons geseën en nogmaals geseën met algemene goeie weer – reën op die regte tyd – en voortrefflike natuurlike hulpbronne. Keer op keer het die ware God ingegryp in die weer om die Amerikaanse en Britse volke te red. Hierdie suksesvolle ingrypings het godsdienstvryheid moontlik gemaak sowel as vooruitgang en mag, iets wat die Anglo-Saksiese-Keltiese magte van die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en die Britse Koninkryk nog steeds geniet.

In 1586-1587 is Katolieke oorheersing van die Engelse troon onmoontlik gemaak deur die teregstelling van Mary, koningin van die Skotte. Die volgende jaar het die Spaanse koning, Philip II, sy skeepsarmade van 124 bote teen Engeland ontplooi in 'n poging om Katolieke beheer weer in te stel. Alhoewel die Engelse vlootmag hardnekkig teruggeveg het, het hulle buskruit opgeraak! Op daardie kritieke oomblik het 'n onverwagse stormsterk wind opgesteek en talle van die swaar bewapende Spaanse galjoene laat sink. Die orige skepe wat deur die slegte weer geteister is, is sukkel-sukkel terug na Spanje waarna talle nooit weer gebruik

kon word nie. Koningin Elizabeth het 'n silwer medalje met die volgende inskripsie laat slaan vir die herdenking van die Spaanse nederlaag: “God het geblaas en hulle is verstrooi” (letterlik vertaal). Sy het geweet wie in beheer van daardie stormsterk wind was op daardie kritieke oomblik in die geskiedenis van haarmense!

In 1940 het Hitler se magte Frankryk en die laaglande onverwags binnegeval. Hulle het daardeur die room van die Britse mag, naamlik 330,000 troepe afgesny en hulle met die rug teen die muur gedwing om tot by die Dunkirkse hawe aan die oewer van die Engelse Kanaal terug te val. Indien die Engelse hierdie soldate sou verloor, sou hulle kwalik enige hoop gehad het om die Nazi hordes af te weer wat hulle aandag nou toegespits het op die Britse magte. 'n Noodberig is oor die hele Brittanje versprei: “Winnie [Churchill] het bote nodig”. Gedurende hierdie tyd van die jaar is die see in die Engelse kanaal normaalweg baie rof en bedrieglik, maar nogtans is honderde bote, seiljagte en klein bootjies gestuur – enige ding wat op water kon beweeg sonder om te sink – is gestuur om ten minste 'n deel van die leër te red. Die situasie was uiters benard.

Toe, teen alle verwagtinge in, het swak weer op die Europese vasteland die meeste van die Duitse lugmag op die grond vasgepen. En, daar word die Engelse Kanaal wat gewoonlik rof en stormagtig en eintlik te

gevaarlik vir kleiner vaartuie is, toe terselfdertyd so kalm soos water in 'n bad! Mense wat hulle hele lewe lank langs die kanaal woon het nog nooit die see so kalm gesien nie. Churchill se vloot van 'n mengelmoes van drywende vaartuie waarvan sommige 'wrakke' was, red toe bykans een derde van 'n miljoen Britse troepe – die ruggraat van die hele leër! Hitler was stomgeslaan. Die Nazi generaals was bitter omdat so 'n maklike oorwinning hulle ontnem is. Die Britte daarenteen, was diep dankbaar en het dit die “wonderwerk van die kalm waters genoem”.

Ek het vier jaar van my volwasse lewe in Brittanje deurgebring en met ouer mense gesels wat persoonlik bekend was met die reddingspoging te Dunkirk. Hulle het almal 'n glinstering of 'n traan in die oë gekry wanneer daaroor gepraat is. Hulle onthou almal die groot dankbaarheid deur die Britse volk teenoor God na hierdie gebeure. Sondag, 9 Junie 1940, is afgesonder as “'n Dag van Nasionale Dankbetuiging” vir God se uitredding te Dunkirk. Talle Engelse predikante sal vertel dat hulle kerke nog nooit weer so volgepak was soos daardie dag nie. Die vorige dag het 'n Britse koerant 'n artikel gepubliseer getiteld, “Die wonderbaarlike redding” te Dunkirk. 'n Britse offisier wat self te Dunkirk gered is sê: “Een ding kan verseker gesê word oor môre se Danksegging in ons kerke. Niemand sal met groter opregtheid dankbaar wees of

dieper dankbaarheid hê as die offisiere en manskappe wat die Hand van God in die gebeure gesien het nie, magtig om te red en hulle gered het uit die hand van 'n magtige vyand, terwyl menslik gesproke, hulle aan die genade van die vyand oorgelaat was” (London Daily Telegraph, 8 Junie 1940). Ja, God **beheer** die lot van nasies – en individue – dikwels deur in te gryp deur middel van die *weer*.

Sal ons waarlik berou toon?

In 'n tweeledige profesie vir Israel wat sekerlik ook **vandag** op ons van toepassing is, sê God vir Sy mense: “Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgerek in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul nie tot My bekeer nie, spreek die HERE. Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE” (Amos 4:6-9).

Let op – met die kastyding van Sy eie mense – sal die Skepper soms *droogte* toelaat in een streek en *vloed* in 'n ander! Sy *doelwit* is egter altyd dieselfde, naamlik om Sy mense te oortuig om opregte **berou** te toon oorhulle **sondes**!

In 'n ander soortgelyke profesie wat duidelik van toepassing is op die **eindtyd**, beskryf Joël God se ingryping in die weer: “Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en hulle kinders aan die volgende geslag: Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind ... Die veld is verwoes, die akkerland treur; want die koring is verwoes, die mos het weggedroog, die olie het verdwyn. Die landbouers staan beskaam, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is” (Joël 1:2-4, 10-11).

Dan gee God opdrag aan Sy leraars: “Heilig 'n **vasdag**, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en **roep** tot die HERE. Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en Hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige” (verse 14-15).

Die meeste van u is bewus

dat daar omtrent 30 keer in die Bybel van die “dag van die Here” gepraat word. Hierdie “dag” is bestem vir 'n periode teen die einde van die “wêreld”, beginnende net voor en insluitend die Wederkoms van Christus. Die Skepper waarsku dus almal wat wil luister om “tot die HERE te **roep**” en om Hom om vergifnis te vra!

Met die vroeëre vervulling van hierdie profesie, sê Joël: “Tot U, o HERE, roep ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gestee. Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer” (verse 19-20). God gee dan instruksies: “Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle

tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil” (Joël 2:12-13).

Omdat ons nasies as 'n geheel aanhou om hulle oor te gee aan verbode seks en hulle self verknog aan geweldadige en seksueel prikkelende rolprente en televisie aanbiedings, ook wat betref die styging in dwelmgebruik, veral onder die jongmense. Selfs terwyl die wêreld se liberales volhou om die media te domineer, asook die politiek en selfs die meeste van die kerke, behoort u persoonlik te besef dat die handskrif aan die muur is soos wat God se ingryping in die weer meer en meer vanselfsprekend word. Wat kan u doen? Begin om God met **u hele hart** te **soek**. U kan uself na Hom wend in opregte berou en geloof deur die ware Jesus

Christus van die Bybel en toelaat dat God u lewe **beheer**!

U sal dan in die jare wat voorlê oor die beloofde Goddelike beskerming beskik. U sal geseënd wees en deur die traumatiese toestande gelei word wat die mensdom binnekort sal oorval. Dit sal wees soos wat God aan antieke Juda gesê het: “Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind *as julle na My vra met julle hele hart*” (Jer. 29:12-13).

Nadat Jesus die verskriklike gebeure beskryf het wat voor die deur is, sê Hy: “*Waak dan en bid* altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te *ontvlug* en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36). Mag God u help om dit te doen! Mag Hy u lei om **op te tree** ooreenkomstig hierdie kennis wat nou tot u wete gekom het.

Wie Beheer die Weer?

Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”, of is dit ’n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?

Sodanige natuurrampe word soms ’n natuurkrag genoem, so bestier deur God. Maar wat is Sy EINTLIKE rol in die droogtes, hongersnode, vloede en aardbewings wat ons wêreld tref?

Wat sê die Bybel oor sulke natuurrampe in die eindtyd? Hoe kan Christene hulle hierop voorberei?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Wat bedoel u met wedergeboorte?

Deur John H. Ogwyn

Die ligte September luggie waai deur die oop vensters van die klein plattelandse kerkie, waarin ek as kind gesit het. Net soos die gewoonte van tallose ander groter en kleiner Protestante kerke, was ons kerkie besig met 'n "herlewingsdiens". Die besoekende leraar gee 'n aangrypende preek tradisioneel vir sulke geleentheid en beklemtoon kragtig dat ons ons harte aan die Here moet gee en 'n nuwe geboorte ervaar. "U moet wedergebore word!" beklemtoon hy oor en oor, dwarsdeur die weeklange herlewing.

Soos miljoene ander het diegene van ons wat daardie aand teenwoordig was, die nuwe geboorte gesien as 'n eenmalige, emosionele ervaring wat plaasvind wanneer 'n individu "Christus aanvaar". Is dit *werklik* wat Jesus Christus bedoel het toe Hy aan Nikodemus vertel het dat 'n mens "weer gebore" moet word om die Koninkryk van God te beërwe?

Maak geen fout nie; 'n nuwe geboorte *is* absoluut noodsaaklik! Daarsonder sal ons nooit die Koninkryk van God sien nie. Jesus sê so in Johannes 3:3! Tog is die vraag: wat presies is die nuwe geboorte wat Jesus beskryf het?

Verskillende idees oor die nuwe geboorte

Miljoene mense beïnvloed deur Protestante evangelistiese prediking, verstaan "wedergeboorte" baie dieselfde as die herlewingsprediker tot wie se roeping van die preekstoel af ek meer as 40 jaar gelede reageer het. Baie ander belydende Christene sien dit egter anders. Diegene wat 'n agtergrond het in een van die meer formele, gewyde kerke het 'n totaal ander siening van die "nuwe geboorte". Die *Dictionary of the Bible and Religion* verduidelik in die artikel "Regeneration" dat die seremonie van kinderdoop, of kleindoop, wat nie net deur die Rooms-Katolieke, Oos-Ortodokse en NG kerke beoefen word nie, maar ook deur vele Protestante kerke, "geskiedkundig bekend staan as doopwedergeboorte en berus op die oortuiging dat die sakramente, wanneer dit tereg uitgevoer word, die gesag het om dit wat dit voorstel, naamlik die wedergeboorte of nuwe geboorte van die kind in God se familie, toe te ken".

Kerke wat kleindoop as 'n sakrament beskou, glo dat die seremonie self wedergeboorte toeken en dat die gedoopte persoon op daardie tydstip in die Koninkryk van God ingaan.

Evangeliesgesindes sou redeneer dat die individu eers sy eie *persoonlike* geloofs-belydenis moet aflê, waarna hy "wedergebore" is en van daardie oomblik af, in die Koninkryk van God is.

Die oortuiging dat ons "wedergebore" moet word is nie beperk tot diegene wat Christenskap bely nie. In vandag se wêreld praat beide Boeddhiste en Hindoes ook van wedergeboorte. In sy artikel oor "Wedergeboorte" verduidelik die *Interpreter's Dictionary of the Bible* dat baie van die antieke verborgenheidsgodsdienste onderrig het dat hul aanhangers nuutgebore word deur spesiale rituele. Hulle gebruik die term "wedergeboorte ... om die verlossing aan te dui wat vir die gelowige verkry word deur middel van inwyding". Van Stoïsyne en aanhangers van Pythagoras, tot volgelingen van Mithraïsme en die antieke Eleusynse Verborgenhede, was daar in die nodigheid vir wedergeboorte geglo.

Argumente in godsdienste het die neiging om oor te spoel na ander areas van die lewe. In die 1970's, toe Jimmy Carter President van die Verenigde State geword het, is "wedergeboorte" op die voorblaai van koerante verkondig. Sedertdien is die term "wedergebore"

toenemend gebruik om te onderskei tussen ywerige gelowiges in 'n Christenskap wat gevoel en ervaar kan word en diegene wat deur hulle as "Christene in naam" beskou word. Baie van diegene wat die belangrikheid benadruk van dít wat hulle 'n "wedergeboorte ondervinding" noem, kyk ook na "spreek in tale" en soortgelyke emosionele, charismatiese gebeure om te dien as bewys van hul ondervinding van die "nuwe geboorte".

Diegene wat "wedergeboorte" sien as 'n kwessie van sakrament en diegene wat dit sien as 'n persoonlike ervaring, stem oor een punt saam. Beide sienings veronderstel dat Christene **alreeds op hierdie huidige tydstip wedergebore is**. Daardie oortuiging is fundamenteel tot hul siening van God se plan van verlossing. Is hulle egter korrek? Om te verstaan *wanneer* die nuwe geboorte plaasvind, is dit noodsaaklik om presies te besef wat verlossing behels.

WANNEER vind verlossing plaas

Verlossing word oor die algemeen selfs deur belydende Christene misverstaan. Volgens die Bybel is dit 'n *proses*! Bykans niemand verstaan daardie noodsaaklike feit nie. Laat ons egter eers vra: **waarom** moet ons gered word? **Waarvan** moet ons gered word? As ons eers hierdie kwessies verstaan, kan ons die *wanneer* en *hoe* van verlossing begin verstaan.

Om dit eenvoudig te stel, ons word van die dood gered – die ewige dood! Die apostel Paulus verduidelik: "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" (Romeine 3:23). Hy verduidelik verder: "Want die loon van die sonde is die dood, **maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here**" (Romeine 6:23). Dit is die goddelike Vader wat die inisiatief neem om ons tot verlossing te bring. "Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8; verg. Johannes 6:37, 44). Red die dood van Christus ons dus? Let op hierdie verbysterende waarheid: "Veel meer dan *sal* ons, nou dat ons *geregverdig* is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer *sal* ons **deur sy lewe gered** word nou dat ons versoen is" (Romeine 5:9-10).

Let daarop dat daar 'n reddings*proses* is! Ons het almal gesondig. Met ander woorde, ons het almal God se heilige, regverdige wet verbreek (1 Johannes 3:4). Trouens, Paulus verduidelik in Kolossense 1:21 dat ons tevore van God vervreem en vyande is in ons gedagtes, as gevolg van ons eie bose werke. Gevolglik verdien ons die ewige dood. God het die inisiatief geneem om verlossing moontlik te maak; Christus het ons plek ingeneem en namens ons gesterf. Sy dood

alleen red ons egter **nie**! Dit maak ons regverdiging en versoening moontlik. Dit beteken dat ons onskuldig kán wees en in harmonie met God gebring kán word. Hoewel God die inisiatief geneem het, moet ons op Sy inisiatief *reageer*. Petrus verduidelik dit aan diegene wat sy preek op Pinksterdag gehoor het: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Dit is egter slegs die eerste stadium. Met die doop verbind ons ons om God te gehoorsaam en met 'n geestelike ontwikkelingsproses te begin. In Mattheus 24:13 maak Jesus Christus dit duidelik dat slegs diegene wat *tot die einde toe vasbyt* gered sal word. Verlossing is 'n *proses* wat vir ons begin wanneer ons God se Heilige Gees ontvang na ons doop en 'n hoogtepunt bereik wanneer "hierdie sterflike met onsterflikheid bekleed word" met die opstanding wat met Christus se wederkoms gaan plaasvind (1 Korintiërs 15:53).

God verwag van ons om tussen ons bekering en ons dood *iets te doen*! Paulus skryf: "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Korintiërs 7:1). Jesus Christus som dít op wat ons in reaksie op God se liefde moet doen toe Hy sê: "Aan hom

wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het” (Openbaring 3:21). Ons *beërwe* nie die Koninkryk van God met bekering nie; God verwag eerder van ons om 'n lewe van groei en oorwinning te lei, in staat gestel deur Sy Heilige Gees.

In Galasiërs 2:20 verduidelik Paulus hoe ons geestelik moet groei: “Ek is met Christus gekruisig, en *ék* leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het”. Christus het nie net *gesterf* om die loon van sondes te betaal nie, maar na drie dae en drie nagte het Hy uit Sy graf *opgestaan* om vir ewig te *leef*. Hy is in krag en heerlikheid verhef as die “Eersgeborene uit die dode” (Kolossense 1:18). Dit is deur Sy *lewe* wat ons ook die ewige lewe mag hê (Romeine 5:10).

Net soos nuwe lewe in die proses van menslike geboorte gegee word – met 'n verwekking, 'n groei- en ontwikkelings-tydperk en dán die geboorte in die wêreld – so ook word 'n nuwe lewe gegee in die proses van verlossing. Ons word verwek, ons groei en ontwikkel as Christene en dán gaan ons die Koninkryk van God binne. Die “wanneer” van verlossing is die *opstanding uit die dode* wanneer ons uiteindelik die Koninkryk van God as geesgebore kinders van God sal beërwe. Christus sê in

Lukas 20:36 dat ons die “kinders van God [is], omdat hulle kinders van die opstanding is”.

'n Fariseër word vertel om wedergebore te word

Nikodemus was geskok. Hy het in die geheim, in die nag, na Jesus gekom en vertroulik erken dat hy en ander godsdiensteleiers Hom as 'n man van God herken het. Het hy gedink dat Jesus die stempel van goedkeuring sou waardeer, al was dit in die geheim?

Wat die Fariseër ookal verwag het, het dit wat Jesus hom vertel het as 'n groot skok gekom. U sien, as Fariseër, het Nikodemus nooit oorweeg dat sy verlossing in twyfel getrek kan word nie! Hy was op stuk van sake 'n nougesette wetsgehoorsame man volgens die tradisie van die Fariseërs. Hy is uit die geslag van Abraham gebore aan wie God eertyds die beloftes gemaak het. Hy is op die agtste dag besny, wat hom 'n deelgenoot van die verbondsgemeenskap gemaak het. Hy was nie een van die gehate tollenaars wat deur die opmerksame Jode as onrein en sondig beskou is vanweë hul gedurige kontak met heidene nie. Hy was nie een van die *am ha eretz* – die “mense van die grond” nie – daardie gewone massas wat so besorg was met die vervelige aangeleenthede om 'n bestaan te maak dat hulle min vry ure per dag gehad het om die Tora te bestudeer.

Die Koninkryk van God was die hoop van Fariseërs soos

Nikodemus. Hulle het in die opstanding geglo en dat die Messias 'n Koninkryk sou vestig om alle nasies te regeer net soos die profete voorspel het. Die Jode van die eerste eeu het egter die Koninkryk en die opstanding in bykans geheel in 'n fisiese en materialistiese lig beskou. Hulle het hul toegang tot die Koninkryk as hul geboortereg beskou deur die beloftes wat in die verbond met Abraham gemaak is. Hoewel hulle die nodigheid erken het dat 'n heiden bekeerling sy ou identiteit na die besnydenis en die “*mikvah*” (rituele onderdompeling) om 'n kind van Abraham te word, aflê, het hul geen soortgelyke nodigheid gesien vir hulself nie (verg. Johannes 8:32-36). Was hulle nie *alreeds* kinders van Abraham en daarom uiteraard erfgename van die beloftes nie?

Dit is wat Nikodemus geskok het oor Jesus se reaksie teenoor hom. Christus sê dat Nikodemus **nie geregtig** was om die Koninkryk van God te beërwe op grond van sy *fisiese* afkoms as nakomeling van Abraham nie. Toegang tot daardie Koninkryk was slegs gegrond op *geestelike* afkoms.

In Johannes 1 kontrasteer die apostel Johannes die reg van diegene wat van die gees gebore is met diegene wat bloot van die vlees gebore is, om die toon aan te gee vir die Johannes 3 weergawe van Nikodemus se gesprek. “Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. **Maar almal wat Hom aangeneem**

het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is" (Johannes 1:11-13).

Die antieke Grieke het verstaan dat verwekking plaasgevind het wanneer die saad van die vader met die bloed van die moeder verenig is. Christus beklemtoon dat hierdie verwekking wat in die moeder se liggaam plaasvind as gevolg van menslike keuse en hartstog, nie die een is wat afstammeling voortbring wat die Koninkryk sal beërwe nie. Uiteindelik is dit nie ons fisiese afkoms wat belangrik is nie, maar ons geestelike afkoms!

Wanneer sal die nuwe geboorte plaasvind?

Die Bybelse illustrasie van "wedergeboorte" is ooreenkomstig met die fisiese geboorteproses. Die *geestelike wedergeboorte* wat met die doop plaasvind, word vergelyk met verwekking deur 'n mens se vader. Na verwekking moet ons as Christene groei en ontwikkel net soos 'n fetus in die moeder moet groei en ontwikkel voordat dit gereed is om gebore te word. Die Bybel vergelyk die eintlike geboorte met die opstanding. Dit word duidelik gemaak in Johannes 3:6 toe Jesus vir Nikodemus sê: "Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees". Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 15:50-

53 dat ons in **onsterflike gees** verander word met die opstanding, terwyl vlees en bloed nie die Koninkryk van God kan beërwe nie.

Net soos die wind oor groot mag beskik maar tog onsigbaar is, so sal diegene ook wees wat werklik *uit die Gees gebore is* (Johannes 3:8). In hierdie lewe is ons soos Adam – met 'n fisiese, sterflike liggaam. Na die opstanding uit die dode, sal ons 'n verheerlikte geestesliggaam hê – net soos Jesus Christus na Sy opstanding (1 Korintiërs 15:43-49; Openbaring 1;13-15). Ons "vernederde liggaam" sal verander word om te wees soos Sy "verheerlikte liggaam" (Filippense 3:21). Jesus Christus word nie meer moeg of honger nie. Hy is nie meer onderwerp aan pyn of dood nie. Hy het uit die graf gekom om nooit weer te sterf nie! Jesus is herstel tot die volle glorie wat Hy met die Vader gedeel het voordat die aarde bestaan het en sit nou aan die Vader se regterhand as ons Bemiddelaar en Koning wat binnekort kom (Johannes 17:4; Hebreërs 4:14-16).

In Kolossense 1:18 en Openbaring 1:5, word Jesus Christus die "Eersgeborene uit die dode" genoem. In Romeine 8:29 word Hy "die eersgeborene ... onder baie broeders" genoem. Dit dui duidelik daarop dat ons ook "uit die dode gebore" sal word! Die Griekse term wat as "eersgeborene" vertaal is, is *prototokos*. *Protos* is 'n Griekse woord wat "eerste in rang en belangrikheid" beteken. Hierdie

betekenis word gedemonstreer deur die woord as voorvoegsel te gebruik in woorde soos byvoorbeeld "prototipe".

Terwyl die Bybel baie ooreenstemmings gebruik om ware Christene te kenmerk – soos pasgebore kindertjies in 1 Petrus 2:2, seuns in Hebreërs 12:6-7, lewende stene om 'n geestelike tempel mee te bou in 1 Petrus 2:5 of dele van die menslike liggaam in 1 Korintiërs 12:12 – bly die *nuwe geboorte* steeds die mees *kragtige* en *volledige* verduideliking van wat *letterlik* betrokke is in ons toegang tot die Koninkryk van God. Dit verduidelik waarvoor verlossing werklik gaan – naamlik om letterlik kinders van God te word (Hebreërs 2:10).

Nou is ware Christene erfgename wat nog nie geërf het nie. Christus maak dit duidelik dat dit slegs met die opstanding is wat "die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom" en wat Hy aan die opgewekte heiliges sal sê: "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk" (Mattheus 25:31, 34). Jesus Christus onthul duidelik aan Sy dissipels in Mattheus 24:13 dat slegs diegene wat volhou en vasbyt tot die heel einde, gered sal word. God het 'n groot uiteindelige doel. Hy vermenigvuldig Homself in ons! Ons kan in God se Familie wees as ten volle gebore kinders – jonger broers van Jesus Christus wat die eersgebore van *baie* broeders is (Romeine 8:29).

In die doopsereemonie, stel

Christene die opstanding self voor (Romeine 6:1-5). Dit is met die opstanding wat ons uiteindelik met onsterflikheid sal klee en werklik die Koninkryk van God sal beërwe (1 Korintiërs 15:50-53). Ons word simbolies in 'n watergraf begrawe en staan dan op uit die water om 'n nuwe lewe te leef. In Johannes 3:5 verwys Christus na die nodigheid om van die water en van die Gees gebore te wees. In die Bybel word water dikwels as simbolies van die Heilige Gees gebruik (Johannes 7:38-39). Om uit die water op te kom met die doop is simbolies van ons eintlike hergeboorte met die opstanding.

Om die Bybelse “wedergeboorte” aan bekering of 'n emosionele gebeurtenis met die doop gelyk te stel, bring mee dat die hele punt dat *verlossing 'n proses is*, gemis word! *Verlossing begin* met ons ontvangs van God se Heilige Gees na die doop om sodoende deelagtig gemaak te word aan die “goddelike natuur” (2 Petrus 1:4). Christene neem dan toe in genade en kennis deur die res van hul natuurlike lewens. Die verlossingsproses sal 'n hoogtepunt bereik ten tye van die opstanding met die Christen se volle aankoms in die glorieryke Koninkryk van God as ten volle verheerlikte, Geesgebore kind van God. Dit is waar, God is besig om “**baie** kinders na die heerlikheid [te] bring” (Hebreërs 2:10)! Sal u een van hulle wees? Indien wel, moet u “weer gebore” word!

Griekse beskrywings wat verwys na 'n nuwe geboorte

Die Griekse woord *gennao* word in Afrikaans as beide “gebore” en “verwek” weergegee. Soms gebruik Bybelvertalers hierdie terme asof hulle heeltemal verwisselbaar is, maar dit is foutief – hierdie klaarblyklike klein aangeleentheidjie, kan lei tot groot verwarring en eindig in 'n reuse wanbegrip.

Die *Interpreter's Bible*, 'n kommentaar wat 12 volumes beslaan, gee 'n eenvoudige maar duidelike reël vir wanneer *gennao* as “gebore” vertaal moet word en wanneer “verwek” verkieslik is. “Geboorte kan beskou word as óf van die vader se kant, waarin die werkwoord “verwek” is, óf van die moederse kant, waar die werkwoord “baar” is” (Volume 8, Abingdon Press, bl. 505). “Baar” is die aktiewe vorm van “gebore word”.

Die Afrikaanse woord “verwek” verwys na die vader se terloopse optrede wat nasate voortbring. Sinonieme werkwoorde is “teel” of “voortbring”. Om te “baar” verwys na die moeder se rol in die voortbring van die nasate – d.i. om hulle vir die volle tydperk te dra en in die wêreld te bring. In Afrikaans is “verwekking” deur die vader beperk tot bevrugting. In Grieks het *gennao* egter 'n breër betekenis en kan dit gebruik word om die ganse proses van die “voortbring” van 'n kind in die wêreld te beskryf. Ons vind een so voorbeeld in Matteus 1:20, waar *gennao* vertaal is as

“verwek” terwyl dit in Matteus 2:1 vertaal is as “gebore”. In elke geval maak die samehang die behoorlike vertaling na Afrikaans duidelik.

'n Mens mag wonder hoe dieselfde woord gebruik kan word om te beskryf hoe beide 'n man 'n kind verwek en 'n vrou 'n kind baar. Die antwoord is dat die proses as 'n geheel beskou word. 'n *Verwekte* kind in die moederskoot word gesien as *gennao* – of “voortgebring” – deur sy vader. (Indien die kind voor geboorte sou sterf, was die kind “voortgebring” maar is nie meer nie). 'n Kind wat gebore is, is ook “voortgebring” deur sy moeder. Daarom is “voortgebring” – wat elke aspek van die geboorteproses van beide ouers se kant dek – eintlik die beste vertaling van *gennao*. Ware Christene is nou deur God “voortgebring”. Ons sal van Hom “voortgebring” bly vir solank ons voortgaan om te groei met God se Gees. Dan, mits ons “oorwinnaars” is (Openbaring 2:26), sal ons uiteindelik ten volle “voortgebring” word wanneer ons geestelik *gebore* word met die opstanding!

Die term *gennao* kan ook in kombinasie met voorvoegsels en ander woorde gevind word wat verwys na wedergeboorte of 'n nuwe geboorte. Een so 'n term is *anagennan*, wat letterlik “herverwek” of “hergebore” beteken. Dit kom slegs voor in 1 Petrus (1:3, 23) en verwys na ons wat opnuut voortgebring word deur “onverganklike saad”, 'n proses wat gesien word met sy begin met geestelike verwek-

king en wat eindig in die opstanding (verse 4-5).

'n Ander woord, *palingenesia* (letterlik “weer word”) word in Matteus 19:28 en Titus 3:5 gebruik. Uit hierdie twee verse leer ons weereens van 'n proses wat met geestelike hernuwing, gesimboliseer deur die doop, begin en eindig in die opstanding – wanneer die 12 Apostels letterlik “nuut sal word” nadat hulle verheerlikte geesteliggame ontvang het (1 Korintiërs 15:43-44). Dit is wanneer hulle op die 12 trone sal sit om die 12 stamme van Israel te oordeel.

'n Vorm van hierdie uitdrukking, *palin genomai*, is die enigste Griekse uitdrukking wat ooit in die *Septuagint* ('n Griekse vertaling van die Ou Testament wat in Christus se tyd in gebruik was) gebruik is om na 'n nuwe geboorte te verwys. Dit word in Job 14:14 gebruik waar Job die opstanding afwag: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my

stryd totdat my *aflossing* [*palin genomai*, wedergeboorte] kom”.

Die laaste uitdrukking wat ons sal ondersoek, is *genan anothēn* in Johannes 3:3. Dit word dikwels as “weer gebore” weergegee, maar baie kenners glo dat dit só beter vertaal word, “verwek van bo”. *Thayer's Lexicon* verduidelik *anothēn* as “van bo ... van bo af ... dikwels ... van die hemel of van God”. Die volgende omskrywing wat gegee word, is “van die eerste ... daarom ... opnuut, weer oor, aanduidend van herhaling, ('n gebruik wat ietwat raar is, maar verkeerdelik deur baie ontken word)” (*Strong's* no 509). *Thayer's Lexicon* staan hierdie tweede definisie vir Johannes 3:3 voor vanweë Nikodemus se reaksie, waarin hy dink Christus bedoel dat hy “'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word” (vers 4) – 'n herhaling van die menslike geboorte-ervaring.

Dit is natuurlik nie die punt van die aangeleentheid nie.

Beide idees is korrek. Ons moet weer voortgebring word – maar hierdie keer is dit *van bo*. Dit is 'n proses met sy oorsprong by ons Hemelse Vader – nie van onder met 'n aardse vader nie. Die belangrike punt om te verstaan oor Johannes 3 is watter stadium van die proses beskryf word. In 'n ander konteks kon *genan anothēn* bloot verwys het na ons huidige staat om nou deur God “voortgebring” of “verwek” te wees. Gegrand op Christus se woorde in Johannes 3 egter, kan ons vasstel dat Hy dui op 'n voltooide proses. Diegene wat *genan anothēn* is, word gesien as bestaande uit gees (vers 3) en onsigbaar soos die wind (vers 8). Die frase *genan anothēn* in die onmiddellike konteks van Johannes 3, word dus beste weergegee as “ten volle weer voortgebring” – d.i. Wedergebore as “kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is” (Lukas 20:36).

Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?

Wat sal gebeur met die BILJOENE mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit ENIGE vorm van Christelikheid aangeneem het nie?

Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Profesie Word Vervul – 'n Skoonheid en die Ondier

Deur Douglas S. Winnail

Die waarheid is *werklik* meer merkwaardig dan fiksie – veral die kragtige waarheid van Bybelvoorspellings! Skokkende gebeure is die afgelope dekades in die nuus gepubliseer wat bewys dat die Skrif nie sprokies is wat deur die mens saamgestel is nie, maar die *geïnspireerde openbarings* van 'n Almagtige God. Menslike voorspellers ken die dwaasheid daarvan om die toekoms te probeer voorspel, maar God sê aan die profeet Jesaja: “Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie ... Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom” (Jes. 46:9-11). Bybelvoorspellings is geskiedenis wat vooraf neergeskryf is – deur 'n God wat magtig genoeg is om dit te laat gebeur! Antieke voorspellings ontvou vandag – reg voor ons oë! Die toekoms is ont-nugterend; dit is geen feë-verhaal nie!

Bedrieglike Skoonheid

In die boek van Openbaring word ons voorgestel aan 'n "vrou" met verblindende skoonheid, gekleed in purper en skarlaken en versier met goud en juwele (Op. 17:4). Die vrou is 'n groot "hoer" wat die nasies dronk gemaak het met haar vals leerstellings (Op. 17:1, 2, 15). Sy

het ontug gepleeg (met intieme politieke verhoudings) met die konings van die aarde. Sy ry 'n skarlaken dier en is 'n naam gegee: "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (Op. 17:3, 5).

Die identiteit van hierdie geheimsinnige vrou het vir lank bybellesers gefassineer en verwar. Menige teoloë het vir eeue hierdie vrou verbind met die Kerk van Rome – ons politiek korrekte tydvak beskou dit egter as onvanpas en beskuldigend. Om egter hierdie verband te verwerp is om dit wat voor die hand liggend is te ignoreer. Die Bybel gebruik dikwels die term *vrou* om na 'n *kerk* te verwys (sien Op. 12:6, 13-17). Die vrou van Openbaring 17 is 'n kerk van groot prag en praal wat leerstellings versprei wat teenstrydig is met die Skrif en gemoeid is met die politiek van hierdie wêreld. Hierdie kenmerke was van die begin deel van die Romeinse Kerk. Die *skarlaken* kleur van die vrou en die dier is ook die kleur van die Pousdom: "The Papal Throne is Scarlet. It is borne by twelve men in Scarlet. The Cardinal's hats and robes are Scarlet" (*Halley's Bible Handbook*, bl. 732). Skarlaken is ook die oorheersende kleur van die Vatikaan se Switserse Wag. Die amps-gewaad wat deur

priesters en pouse gedra word is versier met goud en juwele.

Hierdie stralende vrou word ook beskryf as die "moeder van die hoere" (Op. 17:5). Pers-vrystellings deur die Vatikaan benadruk dit dat die Katolieke Kerk die "moeder" van alle kerke is en dat die ander Christelike kerke nie "susters" is nie maar "dogters" wat uit die Katolieke Kerk voortgekom het gedurende die Hervorming. Die ware bron van baie Protestante en Katolieke leerstellings [nl., Kersfees, Paasfees (Engels "Easter")] is nie in die Bybel nie; hulle bron is die heidendom. Rome, die setel van die Vatikaan, word "die Ewige Stad" genoem. Die Bybel verwys na die tuiste van die vrou as "die groot stad" en as 'n *hedendaagse* "Babilon" (Op. 17:18; 18:1-2). Die sewe koppe van die dier wat deur die vrou gery word is sewe berge (Op. 17:9) – Rome is gebou op sewe koppies. Die verband tussen die vrou van Openbaring 17 en die Romeinse Kerk is beswaarlik fiksie.

Geheimsinnige Diere

Die boek van Openbaring maak ook melding van 'n aggressiewe oorlogmakende "dier" – wat *herlewe* nadat dit dodelik gewond was – wat oorlog maak met die heiliges

(Op. 13:1-10). Hierdie herrese dier sal uiteindelik tien konings insluit wat hulle oppergesag aan die dier afstaan net voor die wederkoms van Christus (Op. 17:11-14). Hierdie eindtydse unie of bondstaat sal swak en van korte duur wees, en sal tot niet gaan met die Wederkoms van Christus (Dan. 2:41-45). Huidige pogings om 'n Europese Unie tot stand te bring volg die patroon van hierdie profesie – net soos die probleme wat die Europese maatskappij ondervind om saam te werk.

Die apostel Johannes, skrywer van die boek Openbaring, beskryf 'n tweede dier wat lyk soos 'n lam maar soos 'n draak praat (Op. 13:11-18). Hierdie dier wat lyk soos 'n lam bedrieg baie mense deur groot tekens te verrig, bevorder toewyding aan die eerste dier en veroorsaak dat baie mense die merk van die dier ontvang. Die dier wat soos 'n lam lyk het 'n nommer – 666. Halley skryf: "Irenaeus, 'n student van Polycarp, 'n student van Johannes, het verstaan dat die 666 die Griekse woord *Lateinos* is ... wat *Latynse Koninkryk* beteken. Pouslike Rome het Latyn sy amptelike taal gemaak" (*Halley's Bible Handbook*, bl. 726). Pouslike verordeninge en amptelike Vatikaan dokumente word steeds in Latyn uitgereik. Dit is nie toevallig dat die simboliek van die dier wat soos 'n lam lyk in Openbaring 13 die stralende vrou van Openbaring 17 insluit nie.

Skoonheid en die Ondier

Die sentrale rol wat Rome en die Katolieke Kerk speel in die poging om Europa te verenig pas merkwaardig in by profesie oor die opkoms van 'n eindtyd dierkrag vanuit die as van die ou Romeinse Ryk. Die verdrag wat die Europese Ekonomiese Gemeenskap gestig het is onderteken in 1957 – in Rome – deur oorwegend Katolieke lande. In 1982 het die Romeinse Katolieke hoëpriester 'n versigtig opgestelde verklaring uitgereik om Europese eenheid te bevorder gedurende die hoogtepunt van sy toer in Spanje. In 'n hartstogtelike beroep op alle Europeërs het die Pous gesê: "Ek, Johannes Paulus, biskop van Rome en pastoor van die universiële kerk, lewer vanuit Santiago [de Compostella] aan jou, ou Europa, 'n oproep vol liefde. Vind jouself. Wees jouself. Vind jou oorsprong. Gee lewe aan jou wortels (*International Herald Tribune*, 10 November, 1982).

Terwyl die Pous se woorde hoofsaaklik 'n oproep tot die Europeërs was om hulle Katoliek-Christelike erfenis te herontdek, is sy stelling met profetiese betekenis gevul. Daniël boekstaaf 'n profesie oor 'n boom (wat die Babiloniese koning Nebukadnésar voorstel) wat afgekap gaan word, maar sy *stomp en wortels* moet in die grond oorbly – gebind met 'n band van yster en koper totdat sewe tye verby gegaan het (Dan. 4:14-25). Die koning se

sewe jaar van kranksinnigheid het hierdie profesie gedeeltelik vervul. Die Bybel openbaar egter dat 'n profetiese jaar van 360 dae die ekwivalent van 360 jaar is (sien Num. 14:34; Eseg. 4:4-6). Sewe profetiese jare (van 360 dae) kom op 2,520 jare te staan. Babilon het tot 'n val gekom in 539 v.C. (sien *Eerdman's Handbook to the Bible*, bl. 432). Sewe profetiese tye vanaf 539 v.C. bring ons tot 1982 – die datum waarop Johannes Paulus die Europeërs aangespoor het om "lewe aan hulle wortestegee".

Sedert 1982 het die *moderne Babilon* wat in Sentraal Europa te voorskyn gekom het vanuit sy antieke wortels, dramatiese groei getoon. Sewe jaar na die Pous se stelling in Santiago, het die Berlynse muur in een gestort – wat 80 miljoen Duitsers in die hart van Europa verenig het. In 1994 het die Maastricht verdrag die Europese Unie tot stand gebring met 'n sentrale bank en een geldeenheid. In 1996 het die Europese Parlement 'n wet gemaak wat 'n beroep op die lidlande doen om Sondag te respekteer – 'n wet wat nog afgedwing moet word. Pous Johannes Paulus gaan egter voort om die belangrikheid van Sondag-aanbidding te beklemtoon. Die *geforseerde onderhouding* van Sondag in stede van die Bybelse sewendedag sabbat sal 'n ander profesie vervul – dat 'n eindtydse godsdienstige leier "sal probeer om tye en wet te verander" (Dan. 7:25). Gewettigde Sondag-

Moet ons God Gehoorsaam om Gered te Word?

Deur Richard F. Ames

Baie mense sê dat 'n mens niks hoef te doen om gered te word nie. "Kom net soos jy is en aanvaar Jesus". Sommiges sal sê: Al wat jy hoef te doen is om te "glo" – dat enigiets meer sou neerkom daarop dat jy redding deur werke soek. Is dit wat u Bybel werklik sê?

Op 'n stadium in u lewe het iemand waarskynlik al vir u die vraag gevra: "Is u gered?" Wat was u antwoord? Ons weet dat almal wat reageer op God se roeping en wat hulle werklik bekeer het en gedoop word, se sondes sal hulle vergewe word en hulle sal die gawe van die Heilige Gees gegee word – die geestelike krag wat hulle in staat sal stel om 'n nuwe lewe te lei. Wat beteken dit om werklik te **reageer** op Godse roeping?

Op Pinksterdag in 31 n.C. in die eerste geïnspireerde preek van die Nuwe Testamentiese Kerk het die apostel Petrus in Jerusalem gepraat met 'n paar duisend mense waarna hulle oortuig geraak het van hulle aandeel in die dood van die Messias, Jesus Christus. Duisende het vir Petrus en die ander Apostels gevra: "Wat moet ons doen, broeders?" (Hand. 2:37).

Hier was 'n geleentheid vir Petrus om vir hulle te sê dat hulle niks hoef te doen nie, maar wat het hy werklik gesê? "En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle

sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Hand. 2:38).

Petrus het vir hulle wonderlike nuus gegee – dat hulle hul sondes vergewe kon word en die gawe van die Heilige Gees kon ontvang. Hy het egter op twee punte aangedring – dat hulle hul bekeer en dat hul gedoop word. Indien u na Petrus geluister het en berou gehad het oor u aandeel in Christus se dood en u lewe wou verander en vergifnis ontvang, wat sou u gedoen het? Sou u met Petrus geargumenteer het: "Ek sal my nie bekeer nie! Ek sal nie gedoop word nie! Dit is werke en ek hoef my redding nie te verdien nie!?" Indien u dit gedoen het, sou u teen God se eenvoudige opdragte geargumenteer het, insluitend basiese Nuwe-Testamentiese leringe.

Natuurlik kan niemand redding verdien nie, maar 'n doelbewuste ongehoorsaamheid van God se opdragte is 'n besliste teken dat u nie werklik berou het of waarlik bekeer is nie.

Hoe het die skare gereageer op hierdie eerste Pinksterdag in die Nuwe Testamentiese Kerk? Die Skrif deel die wonderlike

nuus. "Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring. En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede" (Hand. 2:41-42).

Op daardie dag het 3,000 berouvolle nuwe Christene God se opdrag gehoorsaam – hulle het hulle bekeer en is gedoop. Hulle het gemaak soos Jesus alle Christene gesê het om te doen: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Mark 1:14-15).

Jesus het hier twee vereistes gestel – vereistes waarmee baie mense nie saamstem nie. Sommiges wil "gered" word maar ignoreer die kwessie van bekering. Wat is bekering? Die Griekse woord wat as "bekering" vertaal word, is *metanoëo*, wat beteken "om anders te dink". Ons moet van ons sonde bekeer, maar wat is sonde?

“Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (1 Joh. 3:4). The Nuwe Vertaling stel dit duidelik – “sonde is die oortreding van die wet”. Wanneer u een van die Tien Gebooe oortree, het u gesondig. Soos die apostel Jakobus skryf: “Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jak. 2:10-12).

Wanneer ons van ons sondes bekeer, is ons opreg jammer dat ons God se wet oortree het. Ons het nie meer 'n vyandige houding teenoor God en Sy wet van vrymaking nie. Ons het nie meer 'n menslike gesindheid wat vyandiggesind teenoor God is nie (Rom. 8:7). Na bekering wil ons in harmonie wees met God se wet van liefde – die Tien Gebooe. **Bekering bring 'n groot verandering in ons denke mee en 'n verbintenis om te leef volgens elke woord van God.** Soos Jesus sê: “Maar Jesus antwoord en sê vir hom: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Luk. 4:4).

Bekering is méér as 'n intellektuele bewustheid van sonde. Werklike bekering lei tot 'n diepe berou oor ons sondes.

Dink aan die vrou wat Jesus se voete met haar tranes gewas het (Luk. 7:38). Dít is 'n diepe bekering.

Daar is ook 'n wêreldse berou wat nie ware bekering is nie. Kyk hoe Paulus erkenning gee aan die Korintiërs se bekering: “Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood” (2 Kor. 7:9-10).

Sommige misdadigers spreek wêreldse berou uit en sê dat hulle jammer is oor hulle misdade (of sondes) terwyl hulle eintlik in hulle binneste dink: “Ek is jammer dat ek gevang is” of “ek's jammer oor die skuldgevoel wat ek het of die straf wat ek uitdien vir my misdaad, maar as ek die kans kry om weer 'n misdryf te pleeg, sál ek”. Dit is nie net kriminele wat hierdie wêreldse berou het nie. Baie mense wat verslaaf geraak het aan sekssondes, alkohol of dwelmmisbruik of ander ongesonde gewoontes mag jammer voel. Sonder 'n werklike verandering egter, en sonder gedragsverandering, sal hulle voortgesette sonde tot die dood lei! Die berou van die wêreld bring die dood mee.

Goddelike berou – ware bekering – bring ander, beter vrugte. Let op die eienskappe soos in die Bybel beskryf: “Want kyk, juis dit, dat julle bedroef

geword het volgens die wil van God – wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is” (2 Kor. 7:11).

Diegene wat werklik berou gehad het, dink anders en tree anders op. Hulle is ernstig in hulle verbintenis om hulle lewens te verander! Sodanige individue sal werklik dramatiese veranderinge maak! Onthou u wat Johannes die Doper vir die Fariseërs en Sadduseërs gesê het wat na sy doop gekom het? “En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes. Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas” (Matt. 3:5-8).

Indien ons voortgaan om sonde te doen sonder enige verandering in ons gesindheid of lewe, is daar nie opregte berou nie. Psalm 51 is Dawid se erkenning van sy sonde, om daardie Psalm te lees, sal u help. Let daarop dat Dawid **nie** vir “geregtigheid” gevra het nie! Geregtigheid vir Dawid sou die doodstraf beteken het. “Die loon van die sonde is die dood” vir ons almal (Rom. 6:23)! In sy berouvolle gesindheid het Dawid vir genade gevra. “Vir die musiekleier. 'n Psalm van

Dawid, toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het” (Psalm 51:1-2).

Dawid het sy sonde erken. Hy het ernstig tot God gebid om hom rein te maak. Het u al ooit so gebid? “Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtheid en reinig my van my sonde” (verse 3-4).

Hoe het Dawid “slegs” teen God gesondig? Dawid het owerspel gepleeg met Bátseba. Hy het Bátseba se soldaat-man Uriana na die frontlinie gestuur om gedood te word. Sekerlik het Dawid teen hulle “gesondig”, maar **God** het gesê: “Jy mag nie doodslaan nie. Jy mag nie egbreek nie” (Eks. 20:13-14). Dawid het gesondig teen die Wetgewer en het onder God se doodstraf gekom.

Dawid se berou stel 'n voorbeeld vir ons almal. Ons het almal daardie nederige en berouvolle gesindheid nodig! “Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig” (Psalm 51:17).

Nadat ons tot die punt van berou gekom het soos Dawid, én ons God se opdrag gehoorsaam om gedoop te word, word al ons vorige sondes ons vergewe en begin ons om 'n nuwe lewe te lei. Hoe moet ons dan voortgaan om te reageer op die onverdiende vergifnis en genade wat God ons gegee het? Let wel: “Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die

sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” (Rom. 6:1-2). Moet 'n nuut verwekte Christen vir wie God vergewe en genade toegestaan het (onverdiende vergifnis en verskoning) voortgaan om God se wet te oortree en aan God ongehoorsaam te wees? Paulus sê duidelik: “Stellig nie!” Die Bybelse getuienis is oorweldigend. Ons kan nie voortgaan om ongehoorsaam te wees aan God en die gawe van vergifnis ontvang nie. Paulus het gewerk met vals Christene wat probeer het – soos baie vandag – om genade as 'n lisensie vir sonde aan te wend!

Die apostel Judas het ook hierdie onbybelse benadering tot genade verdoem. “Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën” (Judas 4). Die Nuwe Vertaling stel dit dat “... goddelose mense ... misbruik die genade van ons God. Hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe ...” Hoeveel belydende Christene van vandag doen presies dit? Diegene wat die genade van God verdraai sê deur hulle gedrag: “Ons is vry om die Tien Gebooie te verbreek; ons het nie nodig om aan God gehoorsaam te wees en Sy gebooie te onderhou nie!” Dit is verkeerd! Daardie vorm van bekering is wêrelds, nie opregte bekering nie! Die waarheid is dat dit 'n

uitdrukking van liefde is om God se gebooie te onderhou. Die eerste vier gebooie wys ons hoe om God lief te hê en die laaste ses gebooie wys ons hoe om ons naaste lief te hê. Soos die apostel Johannes skryf: “Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Joh. 5:3).

Soos die apostel Paulus dit dus sterk uitgedruk het, kan ons nie voortgaan om onder die genade te leef indien ons terselfertyd sondig nie. Geen waarlik bekeerde Christen sal sonde wil beoefen terwyl hy op genade aanspraak maak nie. Die ware Christen het “in homself gesterf” by die doop soos Paulus verduidelik: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel” (Rom. 6:3-4).

U Bybel onthul God se fantastiese plan van redding. Redding is 'n gratis geskenk wat ons nooit kan verdien nie. Die meeste Bybelstudente ken een van die mees fundamentele verse oor dié onderwerp wat lui: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie” (Ef. 2:8-9). Let wel dat God se genade 'n gawe is maar geloof vir redding is ook 'n gawe van God! Vers 10 word ook dikwels oor die hoof

gesien deur diegene wat genade omdraai as 'n lisensie tot sonde: "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2:10). Ons reaksie op God se genade bring goeie werke mee en ons wandel daarin; dit beteken ons lewer voortdurend goeie werke. Ons moet die vrugte van ware Christenskap in ons lewens uitdra.

Ons kan nie geestelik groei sonder God se Gees nie. Soos ons gelees het, gee God aan 'n berouvolle sondaar die gawe van die Heilige Gees na die doop. Neem kennis dat hierdie gawe van God se Gees gegee word met die oplegging van hande deur God se ware dienaars. Die Apostels "het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang" (Hand. 8:17). Die Heilige Gees is die geestelike krag van God wat ons as Sy kinders verwek en wat ons bemagtig om geestelik te groei.

Ons het die Heilige Gees nodig om die negatiewe versoekings van die menslike

aard te oorwin. Paulus beskryf sy stryd met die menslike aard: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde" (Rom. 7:25-26).

Kyk na Paulus se gesindheid van gehoorsaamheid. Sal God Sy Heilige Gees gee aan diegene wat 'n gesindheid het van ongehoorsaamheid? Nee, Hy sal nie! Soos Petrus duidelik gesê het: "En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat *Hom gehoorsaam is*" (Hand. 5:32). God sal nie die gawe van die Heilige Gees gee aan diegene met 'n gesindheid van ongehoorsaamheid nie.

Petrus en die Apostels het deurentyd 'n gesindheid van gehoorsaamheid aan God gedemonstreer. Let op na Petrus se waagmoed toe hy die Jode se Sanhedrin toegesprek het. Hierdie raad het die Apostels verbied om in die naam van Jesus te preek. Wat was hulle reaksie? "En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoor-

saam wees as aan die mense" (Hand. 5:29).

Een van die temas van die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring, is dat gehoorsaamheid aan God seëninge meebring terwyl ongehoorsaamheid aan God vervloeking meebring. U kan God se wonderlike seëninge ontvang en ook Sy gawe van ewige lewe deur Jesus Christus ons Here. God sal egter slegs Sy spesiale geestelike seëninge gee aan diegene wat gewillig is om hulle te bekeer, te glo en Hom te gehoorsaam. Soos Petrus skryf: "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?" (1 Pet. 4:17-18).

Jesus Christus is ons lewende Saligmaker. Ons sal gered word deur Sy lewe! (Rom. 5:10). Ek bid dat u ook sal deelneem in God se wonderlike plan van redding.

Behoort u Gedoop te word?

*Wat sien u as u na uself kyk? Hoe dringend het u God se vergifnis nodig?
Het u werklik 'n Verlosser nodig?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Wat het u die meeste lief?

Deur John H. Ogwyn

Wat is die mees belangrikste ding in u lewe? U antwoord op hierdie vraag is van wesenlike belang aangesien dit gaan bepaal watter keuses u gaan maak in die dae en jare wat voorlê. Ons kom almal elke dag te staan voor keuses en besluite en hierdie keuses bepaal ons toekoms. Ons karakter word inderdaad gevorm deur hierdie keuses wat ons maak. Uiteindelik sal die keuses wat ons maak bepaal of ons aan die groep gaan behoort wat Jesus Christus by Hom gaan skaar met Sy wederkoms – aan wie Hy sal sê: “Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Matt. 25:34).

Dit is hoekom dit belangrik is om ondersoek in te stel waarop ons ons toegeneentheid vestig. Dit waarop ons ons toegeneentheid vestig, wys wat vir ons belangrik is. Baie mense het van die begin die verkeerde dinge liefgehad, en hulle keuses die nooreenkomstig gemaak. Baie lewens het dus as gevolg van ongelooflike kortsigtige keuses skipbreuk gely.

Baie voorbeelde in die Skrifte wys vir ons die gevolge van waar ons ons toegeneentheid vestig en kan ons help om meer volledig te verstaan wat ons die meeste moet liefhê – en waarom. Wanneer u dit werklik

verstaan, dan kan die vraag, “Wat het u die meeste lief?” die mees belangrikste een wees wat u nog ooit moes beantwoord!

Liefde vir Hierdie Huidige Wêreld

Hoe sou dit wees om die apostel Paulus persoonlik te geken het, en om saam met hom op sy reise te gegaan het? Kan u u voorstel hoe dit moes gewees het om sy preke te hoor, die wonderwerke te sien wat God deur hom gedoen het? Om ure in geselskap met hom God se plan en doel te bespreek? Ons mag dink dat indien ons die geleentheid gehad het om tyd saam met die groot manne van die Bybel deur te bring, dit baie makliker vir ons sou wees om 'n geestelike ingesteldheid te handhaaf. Dit is egter nie noodwendig waar nie!

In Filémon 24 praat Paulus van Demas wie hy beskryf as 'n “mede-arbeider”. Demas word ook genoem in Kolossense 4:14 waar hy saam met die geliefde geneesheer Lukas groete stuur aan die broeders in Kolosse. Demas was duidelik goed bekend met die apostel Paulus vir baie jare. Hy het tyd saam met Paulus deurgebring gedurende Paulus se eerste Romeinse gevangenskap. Hy moes baie belangrike take vir Paulus verrig het – selfs die

Evangelie verkondig het in Paulus se plek toe Paulus onder huisarres was.

Paulus wat 'n steng werks-etiek gehad het, noem Demas 'n mede-arbeider. Dit wys daarop dat Demas ook hard in die bediening gewerk het en dat Paulus agting en respek vir hom en sy pogings gehad het.

Ni eteenstaande dit, het Paulus later gesien dat Demas sy toegeneentheid op die verkeerde aangeleentheid toegespits het. In 2 Timótheüs 4:10, geskryf net 'n paar maande voor Paulus se teregstelling aan die einde van sy tweede Romeinse gevangenskap, gee Paulus aan Timótheüs die slegte nuus dat Demas die Kerk verlaat het. “Demas het my verlaat,” skryf hy, “omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het”. Na al die moeite en inspanning wat Demas daaraan gewei het om die Evangelie te verkondig en die honderde ure wat hy saam met Paulus deurgebring het, het hy nooit heeltmal in sy hart van die wêreld weggedraai nie.

As jy die wêreld lief het, kan jy God nie werklik liefhê nie. Die waardes aan die kern van hierdie gemeenskap is in teenstelling met die dinge van God (1 Joh. 2:15-17). Dit sal uiteindelik tot die ashoop van die geskiedenis verban word, saam met die gemeenskap wat dit

omskryf. Hoe lief is u vir hierdie wêreld en sy lewenswyses?

Liefde vir Uitnemendheid

Baie mense wil as belangrik beskou word. Hulle begeer status, en dit lei onvermydelik tot afguns en politiek. Hierdie begeerte het tot die “geestes-wrakke” van sommige in ons dag gelei, maar dit is niks nuut nie. Hierdie selfde misplaasde toegeneentheid was ook aan die werk in die lewe van baie wat met sommige van God se grootste dienaars te doen gehad het, soos in die Bybel beskryf word.

Die meeste Bybelstudente is bekend met Korag, Datan en Abiram se opstand soos beskryf in Numeri 16. Soos so dikwels die geval is, was die dinge wat hulle Moses van beskuldig het eintlik die dinge waaraan hulle self skuldig was! Korag het gesê dat Moses hom verhef oor die vergadering van die Here (vers 3), terwyl Datan en Abiram verklaar het dat die hele rede agter die Uittog was sodat Moses gedurig oor hulle kan baas speel (vers 13). Natuurlik was hierdie aanklag belaglik. Indien Moses eenvoudig wou “baas” speel, kon hy dit gewees het deur in Egipte te bly as 'n prins! Moses het nie uitnemendheid liefgehad nie; hy was die sagmoedigste mens op die aardbodem (Num. 12:3). Hy was ook bereid om in die land Midian te bly as 'n herder. Korag en ander het egter status liefgehad en dit begeer dat ander hulle belangrik ag, hulle

het verkies om in opstand te kom teen God se dienaar Moses, en eintlik teen God Self.

Aan die einde van sy lewe moes Johannes (die geliefde dissipel) handel met individue in die Kerk wat probeer het om oor te neem omdat hulle dit liefgehad het dat mense hulle as belangrik moet beskou. Diótrefes was só 'n persoon (3 Joh. 9). Diótrefes het selfs so vermetel geword dat hy diegene wat getrou aan die waarheid en aan Johannes se leierskap gebly het, uit die Kerk gesit het. Diótrefes wou in beheer wees, en was bereid om oor ander te loop om daardie status te bereik.

Alhoewel Diótrefes gesê het dat hy 'n Christen is, was sy gesindheid teenstrydig met alles wat Christus persoonlik geleer en voorgestaan het. In Matteus 23, byvoorbeeld, het Jesus Christus die Fariseërs aangekla omdat hulle as belangrik gereken wou wees. Hulle het status en vertoon liefgehad en was hoogsbelangrik in hul eie oë. Hulle was gedurig besig met 'n geknoei en met politiekery sodat hulle een voor die Sadduseërs kon wees, en selfs onder mekaar. Dit was algeheel teenstrydig met Jesus Christus se voorbeeld, wat sekerlik die mees werklik belangrikste man was wat die aarde nog ooit bewandel het. Christus het Homself vrywillig ontledig van Sy goddelike krag en glorie wat Hy met die Vader vir ewig gedeel het en het in die vorm van 'n dienskneg gekom sodat Hy kon dien en die mensdom kon vrykoop (Fil. 2:5-8). Diegene wat

status lief het behaag God nie, en het ook nie Christus se gees nie.

Lief vir die Lofbetuiging van Mense

Terwyl sommige mag en status lief het, wil baie ander eenvoudig die goedkeuring en versekering van ander hê. Koning Saul was so 'n man, en baie van sy swak besluite was gemotifeer deur 'n begeerte om goedkeuring van ander te ontvang. In 1 Samuel 15 is so 'n voorbeeld waar Saul 'n duidelike opdrag van God, om Amalek en hulle besittings geheel en al te vernietig, oortree het. Hoekom? Soos hy uiteindelik aan Samuel erken in vers 24, het hy dit gedoen om die mense se guns te verkry, selfs al het dit God se bevel direk teengestaan. Vir Saul, soos vir baie ander, lyk mense baie meer werklik as God!

Jesus Christus het baie dramatiese tekens gedoen wat duidelike bewys gelewer het dat Hy werklik is wie Hy sê Hy is – Israel se Messias. Die Evangelie van Johannes, in die besonder, maak hierdie punt duidelik en fokus op sewe spesifieke tekens van Sy Messiasskap. Johannes het ook aangeteken dat, hoewel baie van die godsdiensteleiers hierdie tekens gesien het en daardeur beïndruk was, hulle nie Jesus as die Messias wou erken nie. Wat kon hulle weerhou het van so 'n bekentenis? Johannes verduidelik dat hulle eenvoudig “die eer van die mense meer liefgehad [het] as die eer van

God” (Joh. 12:43). Die Fariseërs het alreeds ooreengekom om enigteen wat Jesus as die Messias erken, uit die sinagoge te sit. Die gedagte aan so 'n verbanning was te veel vir baie, selfs al het hulle die waarheid diep in hulself geweet.

Hoe belangrik is ander se opinies vir u? Jesus het baie van die godsdiensteleiers van Sy tyd vertel dathulle eenvoudig nie die liefde van God in hulle het nie! Dit was duidelik, het Hy gesê, omrede hulle die eer wat van ander mense af kom veel meer aanneem dan die eer wat van God alleen kom (Joh. 5:42-44). As gevolg van hierdie denkwysie het baie godsdienstige mense 'n groot uiterlike vertoon gemaak (en maak nog steeds) van hulle liefdadigheid en godsdienstbeoefening (Matt. 6:1-6). Christus het vir Sy volgelinge gesê dat hulle dit in privaatheid en anoniem moet doen. As ons die erkenning en goedkeuring van ander mense soek, mag ons dit kry, dit sal ons egter ontnem van die mees belangrikste goedkeuring wat daar is – God se goedkeuring. Dit kom alles neer op die vraag: Wie se goedkeuring het ons die meeste lief?

Die Liefde vir Geld

Die liefde vir geld motiveer baie mense se besluite. Korporatiewe besluite wat baie pensioenfondse bankrot gelaat het terwyl dit 'n handvol aan die bopunt verryk het, is grotendeels gemotiveer deur 'n liefde vir geld. So ook baie besluite in die

voedseleproduksie-industrie. Landbou besighede streef na maksimum profyt, ongeag die gevare wat gronduitputting inhou en die gebruik van chemikalië, groei-hormone en genetiese manipulering wat die gebruiker se gesondheid benadeel. Ons nasionale verkragting van die landbougrond en weiering om die grond te laat rus soos God gesê het, is een van die redes waarom ons nasie in gevangenskap sal gaan (Lev. 26:34-35).

Mense het hulle lande verraai en hulle familie en gemeenskappe uitverkoop, alles deur die liefde vir geld. Ander het kontrakte aangegaan om enige tipe misdaad te pleeg, moord ingesluit, alles vir geld. Daar is so te sê geen immorele of vernederende daad wat iemand iewers nie al gedoen het vir geld nie. Paulus het werklik vir Timóteus gesê dat “die geldgierigheid ... 'n wortel van alle euwels” is (1 Tim. 6:10).

In die eerste hoofstukke van 2 Konings vind ons die verhaal van die profeet Elísa – een van die mees merkwaardigste dienaars van God wat ooit geleef het. Elísa was 'n man met 'n groot geloof deur wie God baie wonderwerke gedoen het. Gehási was sy dienaar en het vir 'n aantal jare, terwyl hy by Elísa was, baie wonderwerke sien plaasvind. 'n Mens sal sekerlik dink dat 'n man wat in sulke bevoorregte omstandighede leef, sy prioriteite reg sal hê. Dit is egter nie noodwendig die geval nie. Neem kennis van die verhaal in 2 Konings 5 van die

Arameëse generaal Naäman wat melaats was. 'n Jong Israelitiese meisie wat gevange geneem is in een van die voortdurende oorloë en grensgeskillen wat daardie tyd geheers het, het diens gedoen by Naäman se vrou. Die jong meisie was jammer vir haar meester en het haar meesteres vertel van die profeet Elísa. Sy het haar verseker dat deur Elísa Naäman genees kon word. Dit was die enigste ligpunt wat Naäman kon vind. Koning Aram stuur toe Naäman na Israel om hulp by Elísa te kry.

Naäman was aanvanklik baie in die war omdat Elísa nie opgetree het soos hy verwag het nie. In plaas van 'n groot dramatiese skouspel het Elísa net woord na Naäman gestuur om sewe maal in die Jordaan rivier te bad. Naäman se eerste reaksie was om so 'n sinnelose versoek te verontagsaam, maar het egter besluit om die profeet se instruksie te volg. Die gevolg was dat hy 'n dramatiese genesing ondervind het. Oorval met 'n gees van dankbaarheid keer Naäman terug na die profeet se huis en bied hom 'n aansienlike finansiële beloning aan. Elísa weier die beloning, soos God se ware dienaars altyd besef dat God se genadegawe nie te koop is nie. Gehási het egter die beloning gesien wat Naäman aangebied het en is deur hebsug oorval. Hy het die rykdom wat Naäman saam met hom gehad het, begeer. 'n Rukkier later, toe Gehási dink dat Elísa nie bewus is van sy doen en late nie, sit hy Naäman

agterna en haal sy karavaan in. Hy vertel hom toe 'n storie wat hy versin het oor 'n noodgeval wat Elísa van plan laat verander het. Die waarheid is egter dat Gehási geld liefgehad het en nie die geleentheid kon weerstaan om homself te verryk nie.

Elísa het met God se inspirasie presies geweet wat Gehási gedoen het, en hom gekonfronteer oor sy keuse. Gehási is toe swaar beproef met die gevreesde siekte waarvan Naãman bonatuurlik genees was. Gehási se liefde vir geld het verskriklike verwoestende gevolge veroorsaak in sylewe.

Ons *kan* ons toegeneenthede en gevolglik ons prioriteite in die lewe verander. So 'n voorbeeld is opgeteken in Lukas 19, in die ontmoeting van Jesus met die tollenaar Saggéüs in Jérigo. Saggéüs was die hoof van die tollenaars in diens van die Romeinse Ryk en hy het sy gesagsposisie misbruik om homself onregverdig te verryk. Saggéüs se reputasie in die gemeenskap het die tipe lewe wat hy gelei het sodanig gereflekteer dat baie geskok was dat Jesus saam met so 'n man sou eet en tyd in sy geselskap sou deurbring.

As gevolg van sy ontmoeting met Jesus het Saggéüs se prioriteite en toegeneenthede egter heeltemal verander. Hy het kort na hulle aankoms by sy huis, aan Jesus gesê dat hy die helfte van sy besittings gaan gee om die armes te help en dat hy viervoudig die bedrag waarmee hy enigeen afgepers het gaan

terugbetaal. Die liefde vir geld was nie meer die dryfkrag in sy lewe nie (vers 8).

Waarop Ons Ons Toegeneenthede moet Vestig

Die apostel Paulus het een van die mees belangrikste sleutels tot persoonlike groei en oorkoming uitgelig: “Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie” (Kol. 3:2). Waarop ons ons toegeneenthede vestig sal grotendeels bepaal waarop ons ons prioriteite stel en die keuses wat ons maak. Een van Jesus se bekendste gelykenisse, die verhaal van die “goeie Samaritaan”, is opgeteken in Lukas 10. Die twee individue wat verby die gewonde man gegaan het, het hulleself as diep godsdienstig mense beskou – 'n priester en 'n Leviet. As u hulle sou gevra het of hulle daarin glo dat hulle hulle medemens net so lief moet hê as hulself, sou hulle positief geantwoord het. Hulle was bekend met God se gebod om só te doen (sien Lev. 19:15-18). Dit is 'n deurslaggewende punt: ons ware gevoelens word baie beter weergegee deur ons dade as deur ons woorde. Ongeag die geloof wat hierdie godsdienstige manne sou bely, toon hulle dade dat om ander wat in nood verkeer te help, nie werklik 'n hoë prioriteit by hulle was nie.

Jesus het hierdie gelykenis van die “goeie Samaritaan” gegee in antwoord op 'n selferkende deskundige op die

gebied van godsdienswetgewing, wat Jesus gevra het hoe om die ewige lewe te beërwe. Jesus het die vraag na die vraagsteller terug gedraai deur hom as 'n leraar van die Torah te erken, en aan hom gevra wat hy verstaan God se opdrag is. Die regsgeleerde het die regte antwoord geken! Hy het vinnig geantwoord dat ons God met ons hele hart moet lief hê (Deut. 6:5), en dat ons ons medemens moet lief hê soos onself (Lev. 19:18). Hy het egter 'n wesenlike fout gemaak. In plaas daarvan om Christus se raad te vra oor hoe om hierdie beginsels beter toe te pas, wou hy op 'n tipiese regsgeleerde manier argumenteer oor die definisie van die woord “medemens”. Hy wou homself en sy keuses in die lewe regverdig, eerder as om werklik te verander.

Dit is nie genoeg om die regte antwoorde te ken, of om die regte dinge te glo nie. Ons moet elkeen die kern van ons wese ondersoek om seker te maak waarop ons ons toegeneentheid gevestig het. Wat het ons werklik die meeste lief? Die manier waarop ons biede ons tyd en geld spandeer gee duidelike aanduidings van die prioriteite wat ons in ons lewens stel. Soos baie Skriftuurlike voorbeelde aantoon, is dit baie maklik vir selfs diegene wat die “waarheid ken” om vir die verkeerde dinge lief te wees. Werklike liefde vir God is die bron waaruit werklike liefde van een tot die ander (1 Joh. 4:20-21), asook ware gehoorsaamheid aan God se

Die Gebeure op 11 September 2001

Deur Roderick C. Meredith

Die gebeure op 11 September 2001 het geweldige emosies opgewek wat nog steeds 'n invloed op miljoene Amerikaners het. Oor die algemeen is daar die een enkele vraag: "Waar was God op 11 September?" My vrou en ek het 'n paar weke gelede gekyk na 'n spesiale openbare uitsending getitel, "Geloof en Twyfel op 'n Laagtepunt", toe hierdie spesifieke vraag gestel is.

Tydens hierdie uitsending is God deur die "Bybels ongeletterde" Amerikaanse publiek "veroordeel" aan die hand van elke denkbare vorm van verwarde redenasie. Baie vra: "Hoekom het God nie ingegryp en dit gekeer nie?" Diegene wat 'n geliefde verloor het wonder weer: "Hoekom het God my geliefde gekies om te sterf en nie iemand anders nie?" Ook is God van "barbaarsheid" beskuldig, omdat Hy toegelaat het dat die aanval plaasvind!

Vanwaar kry hierdie mense hulle valse opvattinge oor God en Sy **opperdoel**? Die meeste van hulle is skynbaar "godsdienstig" – hulle het eenvoudig maar net uiting gegee weens 'n gebrek aan kennis oor God se Plan vir hierdie wêreld. Hierdie mense se kennis strek ook maar net so ver as wat hulle van hulle onderskeie godsdienstige

leermeesters geleer het. Ook het **niemand** 'n werklike begrip oor God se manier van optrede in hierdie wêreld nie en hoe Hy sal *voortgaan* om op te tree teenoor die ses miljard mense wat hierdie planeet bewoon!

Ek sê "voortgaan", want daar mag nog meer terroriste aanvalle wees, asook voortslepende oorloë, droogtes, vloede, weghol veldbrande, hongersnood, siekte-epidemies en kragtige aardbewings (vgl. Matteus 24:3-8; Lukas 21:7-11)! Wie gaan die mense blameer vir dit alles?

Sekerlik nie **hulleself** nie!

Die ware God van die Bybel het aan almal die reg tot 'n vrye keuse gegee. Hy dwing niemand en geen volk om die regte ding te doen nie. Daarom is dit so dat miljoene egbreuk pleeg en hoereer, hulle oorgee aan seksuele verdorwenheid, diefstal, bedrog, leuens en die ydelike gebruik van God se Naam. Ironies is dit juis hierdie miljoene wat gebelgd is as hulle Christelikheid bevraagteken word. Hulle verdedig dan die kerk van hulle keuse met alles waarvoor hulle beskik – ongeag hoe onbybels hulle leerstellings mag wees. Hulle gee *hulle* mening sonder ophou – terwyl hulle in die praktyk **weier** om die geïnspireerde Woord van God regtig te bestudeer en om dit te

aanvaar as die absolute outoriteit in hulle lewens. Sommige – soos hierbo vermeld – sal selfs God as 'n "barbaar" beskou, omdat Hy die mens *toelaat* om hulle eie gang te gaan gedurende hierdie tydperk van 6,000 jaar. Ons lesers is oor en oor meegedeel dat die Ewige God 6,000 jaar afgesonder het vir die mens om onder die invloed van Satan die duiwel te eksperimenteer met sy *eie* idees oor godsdienste, opvoeding en vermaak.

Satan is die "god" van hierdie huidige samelewing. Hy het 'n geweldige invloed wat betref die perverse temas en verhale op televisie, in rolprente, musiek en literatuur. Daarom sê Paulus dat Satan die "owerste van die mag van die lug [is], van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid **werk**" (Ef. 2:2). Satan neem leiding in die gesindhede en gelowe van mense in hierdie wêreld se atmosfeer. Hy is die "owerste" van die lug in ons gemeenskap.

Paulus sê dan ook dat Satan die wêreld verblind omtrent die waarheid oor die ware God en Sy weë: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die **god** van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die

heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:3-4). Die apostel Johannes beskryf die Satan as “die ou slang wat genoem word duivel en Satan, wat die **hele wêreld** verlei” (Op. 12:9).

Die mensdom, met 'n vrye keuse, is in staat om met hulle eie idees te eksperimenteer oor wat reg en wat verkeerd is. Ons eerste ouers, Adam en Eva, het *direk teen* God se bevel opgetree en eerder Satan gehoorsaam (Gen. 3:1-19) en sedertdien volg die mens nog steeds dieselfde pad! God beskryf die groot “denkers” van die verlede as volg: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle **dwaas** geword” (Rom. 1:22). God inspireer Paulus om hierop uit te brei: “En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n **slegte** gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid” (verse 28-29).

Kan u sien dat daar 'n vals gesindheid aan die werk is in hierdie wêreldse samelewing? Kan u sien waarom die mens se wysheid “dwaas” is in die oë van God? (1 Kor. 1:20).

God het slegs 'n paar individue geroep om Hom te dien en te leer ken gedurende hierdie tydperk. Jesus noem Sy mense die “klein kuddetjie” (Luk. 12:32) en verklaar omvattend:

“**Niemand** kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Joh. 6:44). Hierdie aspek word benadruk deur dit te herhaal in Johannes 6:65: “Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat **niemand** na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie”.

Behalwe die paar wat “geroep” is, het God toegelaat dat die mensdom sy eie weg volg sedert Adam en Eva. Wanneer nodig, gryp hy in groot aangeleenthede in die wêreld in om sodoende Sy algehele doel op koers te hou. Hy gryp ook in om diegene te help en te lei wat Hy uit die huidige wêreld uitgeroep het. Maar, oor die algemeen laat God die mens toe om hulle eie besluite te neem in hierdie wêreldgemeenskap wat van Hom afgesny is. Dit is hoekom die Bybel sê: “Weer het ek onder die son gesien dat die wedloop nie is vir die vinniges en die oorlog nie vir die helde nie; en ook die brood is nie vir die wyse of ook rykdom vir die slimmes of ook guns vir die verstandiges nie; want tyd en lotgeval tref hulle almal” (Prediker 9:11).

Nee, die ware God sonder **nie** enigiemand se dogter of seun uit of kies hulle om in 'n algemene tragedie te sterf soos met die slagting van die Jode deur die Nazi's in die Tweede Wêreldoorlog of gedurende die aanvalle van 11 September in Amerika nie. Jesus Christus het die gedagtegang van God uitgespel in geval van so 'n

tragedie: “En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het – dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom” (Luk. 13:1-5).

Sedert die begin van die menselewe op hierdie aarde het God die mens met 'n vrye keuse *gelaat* om hulle eie weg te **kies**. Oor die algemeen het die mens nog altyd gekies om **ongehoorzaam** te wees aan God en sy gebooi. Daarom sê die Bybel dan ook: “Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle **ongeregtighede** het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle **sondes** het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie” (Jes. 59:1-2).

Misleide individue en leraars wat bedrieg is kan met God argumenteer en hulle eie tipe godsdienst opdis. Maar, uiteindelik sal hulle deur beproewinge gedwing word tot ware nederigheid om God te **soek** en eerlik en opreg begin

doen wat Hy sê. Anders sê God vir ons: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg **lyk**, maar die einde daarvan is weë van die **dood**” (Spr. 14:12). Sonde word regdeur die Bybel beskryf as die verbreking van die groot geestelike **wet** van God, die Tien Gebooie. Die Bybel sê spesifiek: “... sonde is wetteloosheid” (1 Joh. 3:4).

So lank as wat die mens aanhou met die verbreking van God se geestelike wet sal ons verwarring ervaar, “geestelose lyding”, aanhoudende tragedies en die dood. Individue kan hierdie lyding ontkom **deur** hulle met hulle **hele hart** te wend tot die God van die Bybel en te **doen** wat Hy duidelik uitspel in Sy Woord. So deel Jesus dan ook die jongman mee wat Hom

vra na die pad tot die ewige lewe: “... as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” (Matt. 19:17).

Ook Paulus sê: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die **onderhouding van die gebooie** van God” (1 Kor. 7:19). Johannes weer beskryf die ware heiliges van die Allerhoogste: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie** van God en die geloof in Jesus **bewaar**” (Op. 14:12). Selfs om in staat te wees om die Tien Gebooie te onderhou, moet jy egter waarlik jou lewe aan God *oorgee* en Jesus Christus as jou Saligmaker, Heer en Meester aanneem. Dan – deur die Heilige Gees – sal Christus sy

gehoorsame lewe in jou leef soos Paulus dan ook sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus **leef** in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Gal. 2:20).

Net so min as wat God die gebeure van 11 September veroorsaak het, net so min sal Hy u dwing om Sy gebooie te onderhou. Elkeen moet **kies** watter weg hy wil volg. Daarom sê God dan ook aan Sy Heilige volk Israel: “Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies** dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag” (Deut. 30:19).

'n Skoonheid en die Ondier (Vervolg vanaf bladsy 16)

onderhouding kan die *merk* van die dier word waarvan Johannes in Openbaring 13:16-18 praat!

Die jare wat nou net voorlê sal 'n al groter wordende intieme verhouding openbaar – al is dit antagonisties – tussen die

Europese Unie en die Katolieke – soos die vrou gereed maak om die dier te ry. Anders as in die rolprent sal hierdie bedrieglike skoonheid en die al hoe meer aanmatigende dier nie vir altyd gelukkig saam woon nie! Om

meer te wete te kom oor hierdie baie belangrike onderwerp, vra ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring*, aan. Bybelprofesie is *werklik* en is vandag besig om *vervul* te word.

Wat het u die meeste lief? (Vervolg vanaf bladsy 24)

wette (1 Joh. 5:3), sal vloei.

Dit waarop ons ons toe-

geneentheid vestig sal werklik bepaal watter tipe van besluite

ons in die lewe maak. Wat het u werklik die meeste lief?

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

daardie Waarheid – en nie deel hê in die afwating daarvan nie. Tesame is ons deel van 'n *kruistog* om daardie Waarheid aan al die volke van die wêreld te verkondig (Mattheus 28:18-20), in hierdie kruistog is ons Christen “stryders”. Die apostel

Paulus sê: “Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus. Niemand wat 'n krygsman is, wikkkel hom in die werksaamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan behaag wat hom vir die diens gewerf het” (2

Timotheus 2:3-4).

Hoewel ons *Christen* stryders is, kan ons baie lesse leer van uitbinker militêre soldate wat sover hul begrip gestrek het, goeie vermoëns en karakter getoon het. Een van die grootstes hiervan in onlangse

jare was generaal Douglas MacArthur. Indien u Amerikaanse geskiedenis ken, sal u weet dat generaal MacArthur 'n voortreflike patriot en leier was. Hy was 'n man wat waarlik *vir iets gestaan het*.

Naby die einde van sy roemryke loopbaan, met sy laaste terugkeer na West Point Militêre Akademie, gee hy 'n toespraak wat steeds beskou word as een van die mees veelseggende toesprake van moderne tye. Nadat hy vereer is het Generaal MacArthur die byeengeroepe kadetkorps en hooggeplaastes as volg toegespreek:

“Geen mens kan versuim om diep geraak te wees deur so 'n eerbetuiging, komende van 'n beroep wat ek so lank gedien het en mense wat ek so baie liefgehad het. Dit vul my met 'n emosie wat ek nie kan verduidelik nie, maar hierdie toekenning is nie hoofsaaklik bedoel vir 'n persoonlikheid nie, maar om 'n groot morele kode te simboliseer – die gedrags- en ridderskapkode van diegene wat hierdie geliefde land van kultuur en antieke afkoms beskerm.

“Plig, eer, vaderland – hierdie drie geheiligde woorde skryf eerbiedig voor wat jy wil wees, wat jy kan wees, wat jy sal wees. Dit is jou ontmoetingspunt om aanmoediging te gee wanneer moedigheid kortkom, om geloof te herwin wanneer daar min rede vir geloof is, om hoop te skep wanneer alles hopeloos lyk ...

“Dit is sommige van die dinge wat daardeur gebou word. Dit bou jou basiese karakter. Dit

vorm jou vir toekomstige rolle as bewaarder van die volk se verdediging. Dit maak 'n mens sterk genoeg om te weet wanneer jy swak is en moedig genoeg om jouself in die oë te kyk wanneer jy bang is.”

Later sluit generaal MacArthur hierdie geskiedkundige toespraak af met:

“Die skadus raak al langer vir my. Die skemer kom. My dae van ouds het verdwyn – met alles wat daarmee gepaard gaan. Hulle het weggeraak, al glimmende deur die drome van dit wat was. Die gedagte daaraan is wonderlik mooi, benat deur tranen en gevele en gepamperlang deur die glimlagte van gister. Ek luister dan, maar met 'n oor wat dors, vir die betowerende melodie van veraf beuels wat wekroep blaas, van tromme wat die lang roffel slaan.

“In my drome hoor ek weer die knars van gewere, die rammel van geweervuur, die vreemde, weemoedige geprewel van die oorlogsveld. Maar in die avond van my geheue, kom ek terug na West Point. Daar eggo en weerklink dit: Plig, eer, vaderland.

“Vandag is my laaste teenwoordigheid met julle, maar ek wil hê julle moet weet dat wanneer ek die rivier oorsteek, my laaste bewustelike gedagte sal wees van die korps, die korps en die korps.

“Ek groet u”.

Lidmate, anders as generaal MacArthur en die West Point kadette, is ons in 'n *geestelike* oorlogvoering gewikkel, maar dit

is steeds **oorlog**. Baie van ons in die Lewende Kerk van God is – soos generaal MacArthur op sy tyd – “oudstryders”! Ons het baie oorlogstonele van geestelike bloed en doodslag gesien. Ons het Satan se vernietigende aanvalle op onself, ons vriende en God se Kerk asook Sy Werk keer op keer waargeneem.

Ons weet en verstaan ons “burgerskap is in die hemele” (Filippense 3:20). *Dit* is die “vaderland” waarvoor ons veg! Ons weet dat ons oorlogvoering nie deelname aan die korps by West Point of Voortrekkerhoogte is nie, maar in die *Werk* van die Lewende God!

Daarom kan ons, *in die lig hiervan*, ons goed vereenselwig met generaal MacArthur se woorde: “Plig, eer, vaderland.” Namate ons as 'n Kerk en as individuele lidmate ouer word, moet ons **nooit** vergeet waarom ons hier is nie. Laat ons ons koppe omhoog hou namate ons dag en nag voortstry om die Werk van God met ywer, toewyding, moed en opoffering te doen.

Geen militêre sending was nog ooit so lewensbelangrik nie. Geen oorlogvoering was nog ooit so belangrik nie. Geen beloning was nog ooit so luisterryk soos die een wat ons sal ontvang nie, mits ons onself en Satan oorwin, en *mits* ons met ywer en trou Christus se Boodskap aan die wêreld, wat waarlik verlore is, verkondig.

